

LEESBEGRIP


Lees die onderstaande inligtingsteks en beantwoord die vrae wat volg.

Oupa Zombie

Jaco Jacobs

Geïllustreer deur Theodore Key

1. Alex se oupa het grys hare, dra valstande en kyk graag na reisprogramme op TV. Maar op 'n dag raak hy skielik mal oor ... *BREIINNNSSS!* Dit is duidelik dat Oupa besig is om in 'n zombie te verander. As Alex hom van dr. Zuurman en die zombiepolisie wil red, gaan hy 'n paar briljante planne en hope broccoli nodig hê. En miskien kan hulle ook hulle droom bewaarheid om Zambië en Egipte te siene te kry!
2. Met Jaco Jacobs se uitsonderlike kombinasie van humor en die deernisvolle uitbeelding van gesins- en ander verhoudinge, is dit nie moeilik om te verstaan waarom hy die topverkoper-kinderboekskrywer in Suid-Afrika is nie.
3. **Oor die skrywer**
Jaco Jacobs is die skrywer van meer as 170 boeke vir kinders en meer as 'n miljoen kopieë van sy boeke is reeds verkoop. Hy spog met 40 bekronings vir sy werk. 'n *Goeie dag vir boomklim* en *Oor 'n motorfiets, 'n zombieflik en lang getalle wat deur elf gedeel kan word* is wêreldwyd in Engels uitgegee. Beide boeke was op die langlys vir die vooraanstaande Britse toekening, die Carnegie Medalje, en is ook tot films verwerk. Sy topverkoperboek, *Suurlemoen!*, waarvan daar reeds meer as 100 000 kopieë verkoop is, is ook tot film verwerk. Jaco woon in Bloemfontein saam met sy vrou, Elize, sy dogtertjies, Mia en Emma, drie honde, 'n kat en 'n troetelluislang.
4. **Oor die illustreerder**
Theodore Key is 'n vryskut-illustreerder van Kaapstad. Hy het 'n graad in grafiese ontwerp aan die Universiteit van Pretoria behaal en illustreer kinderboeke, advertensieveldtogte, tydskrifte en koerante. Wanneer hy nie besig is om te teken nie, swem hy in die see, lees boeke oor diere en geskiedenis of speel met sy kat.



Genre: Kinderfiksie | Ouderdom: 9+ | Uitgewer: Pan Macmillan | Prys: R225



Jaco Jacobs skrik nie vir koue pampoen nie, maar as daar 'n zombievirus uitbreek, beplan hy om met sy gesin in die Karoo te gaan wegkruip, waar hulle van blikkiesvis, suurwurms en tamatiesap gaan oorleef.

VRAE

1. Waarvoor staan die afkorting TV in paragraaf 1? (1)
2. Kies die korrekte antwoord.
Wat is die eerste teken dat Alex se oupa besig is om in 'n zombie te verander?
A) Hy het grys hare.
B) Hy het valstande.
C) Hy is skielik baie lus vir breins.
D) Hy wil skielik net broccoli eet. (1)
3. Noem twee lande wat Alex en sy oupa baie graag wil besoek. (2)
4. Haal een woord uit paragraaf 2 aan wat daarop dui dat Jaco Jacobs se boeke dikwels baie **snaaks** is. (1)
5. Verduidelik in jou eie woorde wat beteken:
Jaco Jacobs is Suid-Afrika se **topverkoper-kinderboekskrywer** (par. 2). (1)
6. Gee vier bewyse uit paragraaf 3 dat Jaco Jacobs 'n baie gewilde en roemwaardige skrywer is. (4)
7. Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR? Haal 'n sin uit paragraaf 3 aan om jou antwoord te motiveer.
Jaco Jacobs het al baie pryse vir sy boeke gewen. (1)

8. Verduidelik wie die volgende persone is. (1)
- 8.1 Mia en Emma (1)
- 8.2 Theodore Key (2)
9. Waar het Theodore Key studeer? (1)
10. Gee die betekenis van die idiomatiese uitdrukking:
*Jaco Jacobs **skrik nie vir koue pampoen nie.*** (1)
11. Dink jy dit is 'n goeie plan om in die Karoo te gaan wegkruip as daar 'n zombievirus uitbreek? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)
12. Gee die titel van een van die boeke wat in die leesstuk genoem word wat jy graag sal wil lees. Gee 'n rede vir jou keuse. (2)

[20]

MEMORANDUM

1. Televisie (1)
2. C) Hy is skielik baie lus vir breins. (1)
3. Zambië en Egipte (2)
4. "humor" (1)
5. Jaco Jacobs is die plaaslike skrywer wie se kinderboeke die meeste verkoop. (1)
6. ENIGE 4:
- Hy het al meer as 170 boeke vir kinders geskryf.
 - Meer as 'n miljoen kopieë van sy boeke is reeds verkoop.
 - Hy het al 40 toekennings vir sy werk ontvang.
 - Twee van sy boeke is wêreldwyd in Engels uitgegee.
 - Twee van sy boeke was op die langlys vir die Carnegie Medalje.
 - Daar is films van sy boeke gemaak. (4)
7. WAAR – "Hy spog met 40 bekronings vir sy werk." (1)
- 8.
- 8.1 Mia en Emma is Jaco Jacobs se twee dogtertjies / sy kinders. (1)
- 8.2 Theodore Key is 'n vryskut-illustreerder van Kaapstad. Hy is die illustreerder van *Oupa Zombie*. (2)
9. Universiteit van Pretoria (1)
10. Hy word nie maklik bang nie. (1)
11. Eie gemotiveerde antwoord. Bv. Ja. Oor die verlate Karoo-vlaktes sal mens die zombies van ver kan sien aankom. Dan weet jy wanneer om te vlug. (2)
12. Eie gemotiveerde antwoord. Bv. *Oupa Zombie*. Ek is nuuskierig om te weet hoe Alex sy oupa met broccoli wil red. (2)

[20]